**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 4 EENHEID 1: WERKLOOSHEID**

***MEMORANDUM***

1 **Dui aan watter vorme van werkloosheid die volgende is: (a) ’n persoon wat as gevolg van modernisering van werksprosedures op vroeë aftrede moet gaan en (b) ’n spoorsnyer wat net gedurende die jagmaande werk het.**

(a) Tegniese werkloosheid. (b) Seisoenale werkloosheid.

2 **Hoe verhoog werkloosheid koste vir die staat? Noem drie voorbeelde.**

Die staat moet meer werkloosheidsbetalings doen. Belastinginkomste verminder. Groter uitgawes aan misdaadbestryding.

3 **Hoe lei werkloosheid tot inkomste-ongelykhede in ’n gemeenskap?**

Met ’n hoë mate van werkloosheid vir ’n lang termyn, verarm ’n groot deel van die gemeenskap, terwyl die deel wat werk ’n relatief hoër inkomste het.

4 **Hoe kan beter onderwys en opleiding werkloosheid verminder?**

Dit stel werkers in staat om aan te pas by nuwe tegnologie en self nuwe werksgeleenthede raak te sien.

5 **Wanneer sal ’n veldtog om aankope van plaaslike goedere te bevorder suksesvol wees?**

As die plaaslike goedere beskikbaar is, van geskikte gehalte is en goedkoper as die ingevoerde produk is.

6 **Kan openbare werke-programme werkloosheid permanent oplos?**

Nee, want uiteindelik moet die arbeidsmag aanpas by die strukturele veranderinge in die ekonomie.

7 **Wat is ekonomies gemarginaliseerde groepe?**

Dit is groepe vir wie dit moeilik of onmoontlik is om deel te neem aan die ekonomie.

8 **Watter basiese ingryping behoort die staat te doen ten opsigte van ekonomies gemarginaliseerde groepe?**

Die staat moet toesien dat gehalte onderwys en opleiding vir almal beskikbaar is.